2 Mei 1 Petrus 1:3-5

Hoe ons wedergebore word

In vers 3 word aan ons 'n groot wonder beskryf: Die Heilige Gees verkondig aan ons hoe ons die verlore lewe weer terugontvang. God die Vader, sê Petrus, het ons die wedergeboorte geskenk. Ons kan maar sê: Soos 'n baba deur geboorte die lewe ontvang, so het ons deur die wedergeboorte die ewige lewe weer uit God se hand terugontvang.

Die groot vraag: Hoe het ons die nuwe lewe ontvang? Wanneer is ons wedergebore? Petrus laat ons glad nie in die duister nie. Onomwonde verklaar hy: Aan ons is die wedergeboorte geskenk "deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode". Toe het ons die nuwe lewe ontvang.

Een ding is hieruit baie duidelik: Hierdie nuwe lewe is nie die produk van iets wat ons gedoen het nie. Die nuwe lewe kom nie deur ons werke nie, maar deur die werk van Christus se opstanding. Ewe min as wat ons iets kon doen aan ons eie geboorte, ewe min kan ons iets doen aan ons wedergeboorte. Ja, nog lank voordat u en ek gebore is, is ons wedergebore toe Jesus uit die graf opgestaan het. Die opstanding van Jesus is die geboortestoel van God se kinders.

Almal van ons weet wanneer ons gehore is; dit was op dié en dié datum. So het ons ook - in die Bybel - die datum van ons wedergeboorte: Paassondag, toe Jesus opgestaan het.

Sing: Skrifberyming 9:4Dr. A.H. Bogaards (Daniëlskuil/Delportshoop)